Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Januarie/Februarie 2011

Die kerk in fokus

Lees binne...

- **Ons kritiserende mensdom** – 1
- **Fokus op die kerk** – 2
- **Beswaarskrif oor Besluit 54** – 3
- **Beskerm jou kerk** – 3
- **Bybelvasvra 2011** – 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Ons kritiserende mensdom (Dr Johan Coetzee)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
  Fokus op die kerk
  VTT 2011
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Beswaarskrif oor Besluit 54 (Ds Dries Beukes)
  Beskerm jou kerk (Rick Warren)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  In memoriam
  Oor kerke en kerkgeboue
  Dr Wilhelm Johannes Coetzer (Christa Clifton)
  Beroepe aanvaar
  Benoeming by Fakulteit Teologie
- Bl 6-7 **Gespreksforum**
  Diversiteit het grense (Dr Koos Engelbrecht)
  Die Kerk as ons moeder (Phillip Olivier)
  Apartheid wás sonde (Ds Martyn Redelinghuys)
  Beswaar teen besluit oor apartheid (Eddie en SMJ Marais)
  Besluit oor apartheid ongeldig (HJ Smal)
  Vraag oor legitimasie-ouderdom (Jan Muller)
  Bybelvasvra 2011
- Agterblad **Oordenking**
  My broer se wagter (Ds Chris le Roux)

Fokus op die kerk

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, vra hoekom daar so baie kritiek op die kerk is. Dit wil voorkom asof *church bashing* 'n modegier en gewilde tydverdryf geword het. Sonder om voor te gee dat die kerk bo kritiek verhewe is, of dat alles en almal in die kerk sonder foute is, is dit tog nodig om die eensydige kritiek op die kerk so 'n bietjie te temper en te balanseer met 'n perspektief vanuit die kerk self.

'n Teoloog het in die verlede die kerk se belydenisse vergelyk met domino's wat besig is om die een na die ander om te val. Daar is verwys na sake soos die belydenis oor Jesus se maagdelike geboorte en opstanding uit die dood. Die basiese fout wat in die argument gemaak word, is dat domino's nie gemaak is om te staan nie! As 'n mens die spel Domino's reg speel, word dit plat neergepak.

Dieselfde geld vir die teologie. As die spel van teologie reg gespeel word en die regte vrae aan die Bybel gevra word, sal jy geloofsantwoorde kry. 'n Mens gebruik tog nie 'n kookboek om jou motor se olie te ruil nie en jy speel tog nie rugby met krieketreëls nie.

Daarom is dit nie vir die kerk 'n vraag oor hoe dit moontlik was dat die slang met Eva gepraat het, Jona in die vis se maag kon oorleef het, Jesus op die water geloop het of uit die dood opgestaan het nie. Dit is in die boodskap van hierdie verhale dat ons, deur die Heilige Gees, God se stem hoor en iets oor God leer (teologie). Ek wil ook onomwonde in antwoord op 'n leser se vraag aan my stel dat ek glo in God se almag (wonderwerke), Jesus se maagdelike geboorte en opstanding uit die dood, asook die ewige lewe. Die Kerk het nie van hierdie belydenisse afgewyk nie. Dit bly egter noodsaaklik dat die Kerk ook in die lig van die Skrif en binne die ruimte van die geloofsbelydenisse antwoorde op mense van vandag se vrae sal gee.

****

Beswaarskrif oor Besluit 54

Ds Dries Beukes, visevoorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), skryf oor die reaksie op Besluit 54 (oor apartheid) na afloop van die 69ste AKV. Tydens die vergadering het 'n aantal ampsdraers hul teenstemme teen die besluit aangeteken, en agterna het sommige van hulle asook ander lidmate van die Kerk wat nie

afgevaardigdes na die vergadering was nie ’n beswaarskrif, kragtens Ordinansie 3.8.3.xiv, by die Kommissie van die AKV ingedien waarin versoek word dat die Kommissie die besluit nietig moet verklaar op grond van die bewering dat die besluit *ultra vires* geneem is.

Die Kommissie neem die beswaarskrif ernstig op en sal by ’n buitengewone vergadering van die Kommissie op 28 Januarie besluit op ’n prosedure om die beswaarskrif te hanteer.

In die tussentyd wys ons die gemeentes daarop, kragtens Ordinansie 3.8.3.xii, dat besluite van die AKV bindend is vanaf die oomblik waarop dit geneem is, tensy die vergadering anders besluit.

Ons wil ’n vriendelike en tog ook dringende versoek tot al die lidmate rig om in die debatvoering ’n styl te handhaaf wat die Kerk waardig is. Ons het kennis geneem dat veral in die elektroniese media, soos onder andere op Facebook, lidmate soms baie skerp en veroordelende taal gebruik. Elkeen is geregtig op sy en haar standpunt, maar kom ons doen dit so dat ons respek vir mekaar behou. Veral is dit belangrik om te onthou dat dit nie my of ons Kerk is nie, maar die Here se Kerk. Die Here bied vir almal ruimte in sy kerk ten spyte van al ons swakhede, tekortkominge en verskillende spiritualiteitstipes.

Die Kommissie gaan ook binnekort ’n Herderlike Skrywe na al die gemeentes stuur wat hopelik groter kalmte sal bring. Uiteindelik hang die Kerk se welwese af van hoe dit in elke individuele gemeente gaan. Met of sonder hierdie besluit leef ons in moeilike tye en vind baie gemeentes dit reeds moeilik om te oorleef. Juis daarom is dit so hartseer dat enkele gemeentes dreig om hul heffings te weerhou indien die besluit nie herroep word nie. Dit is mos nie hoe dit in die Kerk werk nie, Deur ons heffings aanvaar ons kollektief verantwoordelikheid vir ’n klomp sake wat nie deur ’n enkele gemeente op sy eie gedoen kan word nie. Deur heffings te weerhou, kom die hele infrastruktuur van die Hervormde Kerk in gedrang. Om maar enkele te noem: Bejaarde- en kinderversorging, predikante se lidmaatskap van die Pensioenfonds, kantoorpersoneel se salarisse, kerklike tydskrifte (soos *Die Hervormer*, *Konteks*, die *e-Hervormer* en die *Almanak/Bybelse Dagboek*), die apostolaat, teologiese opleiding, en nog vele meer.

Ten spyte van ons verskille moet ons ’n weg probeer vind om in vrede en tot eer van God sy kerk in die wêreld te wees. Die Hervormde Kerk het al in sy geskiedenis deur diep waters gegaan. Solank ons almal gefokus bly en die roeping van die Kerk voorop stel, kan ons ook hierdeur werk.

****

Bybelvasvra 2011

Ds Stephen de Beer, koördineerder van die landwye Bybelvasvra, gee inligting oor 2011 se kompetisie.

Daar was talle versoeke om ’n standaardvraestel aan ringe beskikbaar te stel. Die probleem was egter dat ringe se vasvrae op verskillende tye plaasgevind het. Daarom het die Komitee vir die Landwye Bybelvasvra dit goedgedink om ’n vasgestelde datum vir die ringsvasvra te skep, naamlik **Sondag 29 Mei 2011**. Alle rondtes van die ringsvasvra vind op hierdie datum plaas, waarvoor ’n standaardvraestel beskikbaar gestel sal word vanaf die Bybelvasvra-komitee.

Die afgelope tyd is heelwat probleme met die streekvasvra ervaar, veral waar afstand ’n faktor is. In verskeie gevalle het gemeentes aan die ringsuitdunne deelgeneem en kon hulle nie na die landwye finaal vorder nie, omdat geen streekuitdunne gereël is nie. Daar is derhalwe besluit om die streekuitdunne te staak. As streke egter steeds bymekaar wil kom om vir die finaal te *oefen*, kan hulle dit doen. Die eerste twee spanne in elke kategorie by die ringsvasvra dring dus deur na die landwye finaal (sonder ’n streekuitdun).

Die landwye finaal vind steeds die **tweede Saterdag in September plaas**, soos die afgelope jare die geval was. Daar is egter meer om na uit te sien. Die finaal vind plaas by ’n kampterrein (by Kwaggasrus, buite Brits op die Thabazimbi-pad) en gemeentes (veral die jongmense) word aangemoedig om die hele naweek saam met die groep deur te bring. Verdere reëlings sal later bekendgemaak word.

Bestek
Laerskool: Matteus 1-7
Hoërskool, Jong Hervormers en volwassenes: Matteus 1-7
Bybelstudieboek: *Die Ons Vader-gebed* van dr Gert Malan

Rig enige navrae aan ds Stephen de Beer by O83 781 2955 of **gsdebeer@gmail.com**, of ds Marna Naudé by 078 639 1278 of **marna.naude@hotmail**. Daar is ook inligting beskikbaar by **www.konteks.co.za** en op Facebook – Nederduitsch Hervormde Kerk Bybelvasvra.